BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH





# INTERNASIONALE MARKTE

## - VSA MARKTE VAAR GOED TERWYL SPANNING MET CHINA VERSKERP

**Amerikaanse markte het in Julie betreklik goed gevaar met minder wisselvalligheid as in onlangse maande, terwyl ander internasionale markte gemengde resultate aangeteken het. Verskeie Amerikaanse state het verslapping van inperkingsreels gestaak danksy stygings in COVID-19 gevalle terwyl die sakespanning tussen die VSA en China verskerp het. Die twee supermoonthede het geskille oor handel, tegnologie en selfs grondgebied. Die Trump administrasie het sanksies teen China aangekondig oor China se beleid rakende Hong Kong. Dit het heen-en-weer reaksies uitgelok – die VSA het China aangesê om sy konsulaat in Houston te sluit en in reaksie het China het Amerika opdrag gegee om sy konsulaat in Chengdu te sluit.**

Die Dow Jones Nywerheidsindeks het maand op maand 2.3% hoër gesluit en staan jaar tot datum op +7.8%. Die S&P 500 het maand op maand met 4.2% gestyg en is jaar tot datum net-net positief op +0.5%. Die Nasdaq was 4.3% hoër teenoor Junie (+18% jaar tot datum) danksy goeie vertonings deur tegnologie-aandele wat voordeel trek uit die tuisbly ekonomie. Die Amerikaanse dollar was in Julie onder druk en die VSA dollar indeks het met 4% gedaal.

Daar was algemeen verwag dat die Amerikaanse groeikoers vir die tweede kwartaal skerp kan daal aangesien groot dele van die ekonomie grootliks gesluit was in April en Mei. Die BBP het 'n jaarlikse inkrimping van 32.9% aangeteken, effens beter as die 34.7% wat deur ekonome voorspel is, maar was steeds die swakste kwartaallikse vertoning ooit. Soos verwag is het die dienstesektor die grootste bydrae tot die daling gemaak. Amerikaanse verbruikersentiment het ook gedaal teen die agtergrond van die styging in COVID-19 gevalle en federale hulpprogramme wat tot 'n einde gekom het. Werkloosheidsyfers lyk ook nie goed nie en het weer gestyg.

## MARKTE IN EUROPA EN VK LAER

Die VK mark het nie watwonders gevaar nie en die FTSE 100 Indeks het die maand 4.4% laer afgesluit (-21.8% jaar tot datum). Die Duitse DAX was vir die maand onveranderd maar is jaar tot datum 7.1% laer. In Frankryk het die CAC maand op maand met 3.1% gedaal en is jaar tot datum 20% laer. Die Europese ekonomie sukkel steeds en het in die tweede kwartaal van die jaar met 10.2% gekrimp, die swakste syfer sedert 1970.

In Asië was die Nikkei in Japan 2.6% laer maand op maand en jaar tot datum 8.2% laer. In China het sake beter verloop en die Shanghai Saamgestelde indeks het in Julie met 'n indrukwekkende 10.9% gestyg (+8.5% jaar tot datum). Die Hang Seng in Hong Kong het 0.7% hoër as in Junie gesluit (jaar tot datum -12.8%). Die jongste ekonomiese data dui daarop dat ekonomiese herstel in China goed onderweg is en die land se aankopers-bestuurdersindeks het positiewe syfers getoon.



*Brenthurst Wealth Management (PTY) LTD FSP No. 7833*

## KOMMODITEITSPRYSE STYG

Danksy stewiger vraag het die prys van ystererts goed gevaar en in die middel van Julie 'n hoogtepunt vir die jaar bereik danksy infrastruktuur projekte wat in verskeie lande aangekondig is om ekonomiese groei te bevorder. Die platinaprys was maand op maand 9.9% hoër en die palladiumprys 5.3% hoër. Die prys van ru-olie het in Julie met 5% gestyg maar is jaar tot datum 35% laer. Goud het weereens 'n goeie lopie gehad en die prys van die edelmetaal het in Julie met 10.9% gestyg (jaar tot datum +30.2%). Die goudprys het tydens die maand nuwe rekordhoogtepunte behaal en die maand op $1 975.86 per ons afgesluit

# PLAASLIKE MARKTE
## - GOUDMYNAANDELE STEUN JSE

**Die hulpbronne sektor van die JSE het in Julie goed presteer danksy hoër pryse vir goud en ander edelmetale, wat die algehele mark gesteun het. Die JSE Indeks van alle aandele het die maand 2.5% hoër afgesluit maar is steeds 2.4% laer vir die jaar tot datum. Verskeie hulpbronaandele het goed gevaar, onder meer Glencore (+11.5% maand op maand), AngloGold Ashanti (+9.7% maand op maand), Anglo American (+4.2%) en Anglo American Platinum (+4%). Nywerheidsaandele het nie te waffers gevaar nie en die Indi-25 het 1.3% laer (+7.5% jaar tot datum) as in Junie gesluit. Danksy die goeie vertoning van hulpbronaandele het die Resi-indeks in Julie 8.3% hoër gesluit (+7.5% jaar tot datum.) Die Fini-15 het 1.2% hoër gesluit maar is jaar tot datum 35.2% laer.**

Pan African Resources was die beste vertoner in Julie en die prys van dié aandeel het maand op maand met 54.9% gestyg. Die maatskappy het bekend gemaak dat dit verwag om binne die volgende 12 maande sonder skuld te wees danksy die stewiger goudprys. Harmony op +53.0% was in die tweede plek gevolg deur beleggingshouermaatskappy Invicta, wat die maand op +48.7% afgesluit het.

Die aandeelprys van staalprodusent ArcelorMittal SA het in Julie die swakste gevaar en met 38.7% gedaal. Die maatskappy het in sy halfjaarresultate bekend gemaak dat inkomste van R21.74 miljard tot R12.01 miljard gedaal het, teenoor die ooreenstemmende tydperk in 2019. Die resultate is aangedryf deur 'n afname in vraag een ook die staak van bedrywighede tydens inperking weens COVID-19. Hotel- en dobbelgroep Sun International, wat in Junie uitstekend gevaar het, was in die tweede plek en het Julie 33.5% laer afgesluit. Die aandeelprys van City Lodge Hotels was in die derde plek met 'n daling van 32.7% maand op maand.

## INFLASIE OP LAAGSTE VLAK SEDERT 2004

Die rand het in Julie met 1.6% verstewig (jaar tot datum -21.9%) weens 'n swakker dollar maar het laat in die maand gesukkel toe die impak van die COVID-19 pandemie op ekonomiese aanwysers vir verskeie ontluikende markte bekend gemaak is. Die SA inflasiesyfer het in Mei tot 2.1% jaar op jaar gedaal, die laagste vlak sedert September 2004, tenoor die syfer van 3%.

Die handelsbalans het in Junie op 'n oorskot van R46.6 miljard (die grootste sedert Januarie 1990) gestaan, tenoor die aangepaste oorskot van R19.7 miljard in Mei. Die SA Reserwebank het soos verwag is die rentekoers verder verlaag en die repo-koers staan nou op 3.5%, die laagste sedert die vroeë jare sewentig.

## VOERTUIGVERKOPE BEREIK PLATO

Verkoopsyers vir nuwe voertuie het 'n geringe styging getoon in Julie en ontleders meen die mark het nou 'n plato bereik wat waarskynlik die res van die jaar sal voortduur. Die mark het in Mei en Junie goed herstel ná die skokkende totaal van 546 wat in April aangeteken is en die bedryf het gehoop dat daar verdere stygings in Julie sal wees maar die totaal van 32 396 vir die maand is slegs 754 meer as die syfer vir Junie. Die totaal is 29.6% laer as die 46 042 voertuie wat in Julie 2019 verkoop is. Uit die totaal van alle voertuie was die verkope van motors 35.8% laer. "Ons verwag dat die res van die jaar soortgelyk gaan wees," het 'n woordvoerder van Naamsa met die bekendmaking van die syfers gesê. Vir die sewe maande tot einde Julie is totale afsetsyfers 35.1% laer as vir die ooreenstemmende tydperk in 2019.

Die vervaardigingsektor toon tekens van herstel ná die skerp daling in aktiwiteit wat tydens die strenger inperktydperk aan die orde van die dag was. Volgens die ABSA Aankopersindeks het vervaardiging in Julie vir die derde agtereenvolgende maand positiewe syfers aangeteken, hoewel dit effens laer as die syfers van Junie was. Hoewel bedrywighede momentum gekry het ná die skerp dalings tydens die streng inperking, waarsku ekonome dat die syfers vr Julie bloot maand op maand verbetering toon en nie 'n teken is dat aktiwiteit terug gekeer het na die vlak voor die inperking nie.

## SARS VERWAG GROOT ONDERVERHALING IN BELASTING

Die streng inperking wat aanvanklik byna alle ekonomiese aktiwiteit tot stilstand gebring, het onderverhaling van R82 miljard in die fiskale jaar tot 15 Julie tot gevolg gehad, aldus die kommissaris van SARS, Edward Kieswetter. Inperkingregulasies en hulpverlening om ondernemings te steun wat deur die inperking geraak is, het die daling in inkomste veroorsaak. Die verbod van vier maande op die verkoop van tabak-produkte en die regering se verdere verbod op die verkoop van alkohol het ook tot die onderverhaling bygedra. In die drie maande tot einde Junie was die onderverhaling ongeveer R47 miljard en die inkomste uit belastings op alkohol, tabakprodukte en brandstof was 42% laer as in die vorige jaar.

*Bronne: Anchor Capital, BusinessLive*

SLIM WENK

Brenthurst Wealth is as die **TOP BOETIEK WELVAARTBESTUURDER 2020** aangewys, die tweede keer in vier jaar wat die maatskappy hierdie toekenning ontvang, by die jaarlikse Intellidex Toekennings vir Welvaartbe-stuurders en Private Banke. Brenthurst adviseurs André Basson and Brian Butchart, was onderskeidelik in die tweede en derde plek in die kategorie vir die beste verhoudingsbestuurders. Lees die volledige verslag: **Intellidex Awards.**

## BRENTHURST | NINETY ONE INTERNASIONALE WELVAART WEBINAR:

**Brenthurst Wealth het 'n suksesvolle webinar in samewerking met Ninety One batebestuur aangebied. Sprekers Magnus Heystek, Jeremy Gardiner en Duane Cable het oor die huidige marksituasie gesels en insigte gedeel oor wat beleggers kan verwag. 'n Opname van die webinar is beskikbaar maar let daarop dat die aanbieding deur Jeremy Gardiner weens kopiereg oorwegings nie ingesluit is nie.**
**Klik hier: Brenthurst Ninety One Creating Global Wealth Webinar.**


MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE PLAN AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHEDE VERANDER

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Johannesburg** | +27 (0) 11 799 8100 | **Cape Town** | +27 (0) 21 418 1236 | **Claremont** | +27 (0) 21 418 1236 |
| **Sandton** | +27 (0) 10 035 1391 | **Bellville** | +27 (0) 21 914 9646 | **Mauritius** | 00 230 5843 5215 |
| **Pretoria** | +27 (0) 12 347 8240 | **Stellenbosch** | +27 (0) 21 882 8706 | **www.brenthurstwealth.co.za** | |




*Brenthurst Wealth Management (PTY) LTD FSP No. 7833*